

## 24. Die vraag oor die heidene

### Handelinge 11 en Handeling 12

#### Die evangelie gaan na alle nasies

Gehoorsaamheid aan God se woord lewer vrugte op. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende:

- Die Here eis gehoorsaamheid aan sy woord.
- Die evangelie moet uitgaan na alle volke en nasies.
- Ten spyte van vervolging, bly God se kinders getrou aan sy woord.

#### Die Jode is ontevrede oor Petrus se optrede

Die apostels en ander gelowiges wat in Juda woon hoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het. Hulle weet ook dat Petrus na die huis van 'n nie-Jood, Cornelius, gegaan het en hom en sy familie gedoop het. Hulle is ontevrede hieroor en wanneer Petrus in Jerusalem aankom, verwyt hulle hom dat hy by onbesnede mense gebly en geëet het.

Hierdie optrede moet gesien word in die lig van die Jode se omstandighede. Die Jode is vir 'n baie lang tydperk deur ander nasies onderdruk. In die tyd het die gedagte aan 'n verlosser (messias) by die Jode al sterker geword. Hoe slegter dit met hulle gaan, hoe groter het die messiaanse idee geword. Het Jesaja dan nie voorspel dat daar 'n seun gebore sal word uit die huis van Dawid, wat vrede, reg en geregtigheid sal bring nie!<sup>173</sup>

Hulle wou nie meng met ander volkere nie. Hulle beskou hulself as 'n uitverkore volk en het 'n messias nodig wat 'n aardse koninkryk kom oprig. Die heidense volkere het geen aandeel aan hierdie messias nie.

#### Die wette van Moses

Om as 'n afsonderlike volk te bly voortbestaan, moes die Jode hulself apart hou. Hulle doen dit deur die wette van Moses wat opgeteken staan in Levitikus, streng te onderhou. Volgens een van die wette, moes Joodse

---

<sup>173</sup> Jes. 9: 6    Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers

kinders besny word. Dit was een van die kenmerke wat hulle van die heidene onderskei het. Omdat die heidene nie Moses se wette nie onderhou het nie, kon hulle ook geen aandeel in die beloofde messias wat hulle van die vyande sou verlos nie.

Nou gaan Petrus na die heidene en doop hulle. Die suiwer Jode beskou hierdie doop as 'n verbreking van die messiaanse gedagte. Dit was ondenkbaar dat 'n suiwer Jood na die huis van 'n onbesnede gaan.

### **Petrus praat met die Jode**

Petrus verdedig homself. Hy verduidelik wat met hom en Cornelius gebeur het. Die stem het aan hom gesê: “Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie,” en die engel het aan Cornelius verskyn met die opdrag om manne na Joppe te stuur om Petrus te gaan haal. Deur dit te doen, het Petrus Jesus se opdrag uitgevoer om die evangelie aan alle nasies te gaan verkondig<sup>174</sup>.

God is dus van beide kante af werksaam om die ontmoeting in die huis van Cornelius te laat plaasvind. Die ses broeders uit Joppe kon dit alles bevestig.

Petrus sê dat hy nog maar begin praat het met die mense by Cornelius toe die Heilige Gees op almal neergedaal het. Toe dit gebeur, het hy gedink aan die woord van die Here: “Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word”<sup>175</sup>. Dit was baie duidelik dat God aan die gelowiges uit die heidene ook die Heilige Gees gegee het en dáár kragtig aan die werk was. “Wie was ek dan, dat ek God kon verhinder?” vra Petrus.

### **Betekenis van die daad van Petrus**

Petrus is slegs 'n werktuig in die hand van Jesus Christus. Die paradysbelofte van die saad wat die kop van die slang sal vermorsel<sup>176</sup> en die belofte aan Abraham dat in hom al die geslagte van die aarde geseën sal word, gaan nou in vervulling<sup>177</sup>. God het dit in die Ou Testament belowe.

---

174 Matt. 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

175 Hand. 1 : 50 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.

176 Gen. 3: 15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

177 Gen. 12: 3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Jesus is die Verlosser van die Joodse volk, maar ook van die ganse skepping. Daarom moes hy (Petrus) na die heidene gaan. Toe die Joodse gelowiges dit alles hoor, was hulle tevrede. Met groot blydschap verklaar hulle dat God ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk het sodat hulle in die verlossing kon deel.

Daar is nou sekerheid ten opsigte van die heidene, die Christendom en die Verlosser. Die weg is nou duidelik aangewys. Voortaan kon die evangelie aan die heidene verkondig word. Die Pinksterbelofte het in vervulling gegaan: Want die belofte is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na hom toe sal roep<sup>178</sup>.

### **Barnabas na Antiochië gestuur**

Antiochië was 'n verbindingspunt tussen die Ooste en die Weste. Die groot paaie van oos na wes gaan hier verby. Dit was 'n ryk en welvarende stad. 'n Groot aantal van die inwoners het gelowig geword. Toe die gemeente in Jerusalem dit hoor, stuur hulle Barnabas na Antiochië.

Barnabas was vroeg reeds bekend aan die eerste Christene. Hy was oorspronklik bekend as Joses, maar sy bynaam onder die apostels was Barnabas. In die gemeente van Jerusalem neem hy 'n eervolle plek in. Hy is 'n Leviet, afkomstig van die eiland Ciprus<sup>179</sup>, en vermoedelik goed bekend met Antiochië aangesien Antiochië naby Ciprus geleë was. In hierdie deel van Klein-Asië was daar 'n groot pad waarlangs die leërs van Persië, Griekeland en Rome deur die eeue getrek het.

Hierdie gebied is herhaaldelik beset en die inwoners het onder die invloed van die godsdienste van die Perse, Grieke en Romeine gekom. Tog smag baie van hulle na 'n beter godsdiens. Hulle luister graag na die evangelieverkondiging van gelowige predikers wat daar kom en word gelowig. Barnabas moet nou gaan om die gemeente op 'n vaste grondslag te plaas. Toe Barnabas in Antiochië kom, was hy baie bly om te sien dat God genade aan die gelowiges betoon het.

---

178 Hand. 2: 39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

179 Hand. 4: 36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Barnabas was - wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting - 'n Leviet, van geboorte uit Ciprus,

## **Barnabas kry hulp**

In Antiochië werk Barnabas met vrug en baie mense kom tot bekering. Die arbeidsveld is ontsaglik groot en die invloed van die heidendom oorweldigend. Hy het hulp nodig.

Hy dink aan Paulus wat nie ver daarvandaan in Tarsus woonagtig is. Paulus het na sy bekering en nadat die Jode hom in Jerusalem om die lewe wou bring, in Tarsus gaan woon. Barnabas gaan na hom om hom te oorreed om hom in Antiochië te kom help. Paulus was nou toegerus daarvoor en gaan saam om met sy groot lewenstaak te begin.

'n Jaar lank arbei Barnabas en Paulus saam in Antiochië. Hulle onderrig die skare in die Christelike leer. Baie neem die leer aan en die onderskeid tussen Jood en heiden val weg. Beide volg nou Christus. Wat die Perse, Grieke en Romeine nie kon vermag nie, kry Barnabas reg. Hulle koninkryke het verdwyn, maar hy stig die koninkryk van Jesus Christus wat stand hou tot in ewigheid.

## **Antiochië help Jerusalem**

Die profeet Agabus waarsku die gemeente dat 'n groot hongersnood oor hulle gaan kom. Dit gebeur gedurende die regering van keiser Claudius. Van Jerusalem kom die nuus dat die gemeente daar nie genoeg kos nie. Onder leiding van Barnabas en Saulus besluit die Christene van Antiochië dat elkeen volgens sy vermoë iets sal afsonder om vir die gelowiges daar te sorg. Barnabas en Paulus word gestuur om die liefdesgawe te gaan oorhandig.

Daarna wag belangrike werk op hulle. Die Heilige Gees gee aan die Antiochiërs opdrag: "Sonder nou Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het." Hul taak: om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig.

## **Nuwe vervolging in Jerusalem**

Jakobus is die seun van Sebedeus en die broer van die apostel Johannes. Hy was een van die eerste dissipels wat deur Jesus geroep is<sup>180</sup>. Saam met

---

180 Matt. 4: 21 En toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers, Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer, in die skuit saam met hulle vader Sebedeus, besig om hulle nete heel te maak; en Hy het hulle geroep.

Petrus en Johannes het hy 'n besondere plek in die apostelkring ingeneem<sup>181</sup>. Hy was na alle waarskynlikheid 'n persoon van vurige geaardheid en temperament<sup>182</sup>.

Die Bybel vertel nie van al die apostels se werksaamhede na Jesus se hemelvaart nie. Van Jakobus word ook min vertel. Sy naam word wel dikwels saam met Petrus en Johannes genoem wat daarop dui dat hy 'n leidende rol gespeel het.

Koning Herodus was ook bewus van die optrede van die apostels. Hierdie koning wat ook Herodes Agrippa 1 genoem is, het tussen 37 - 44 n.C oor Palestina regeer. Hy is in hierdie amp deur keiser Claudius van die Romeinse Ryk aangestel. Om die Jode te paai, betoon hy hulle allerlei gunste en gawes. Hy het na alle waarskynlikheid van die jong Christelike gemeente en om die Jode se guns te wen, laat hy Jakobus met die swaard ombring.

### **Petrus in die gevangenis**

Toe Herodes sien die Jode keur Jakobus se dood goed, laat hy ook vir Petrus gevange neem. Die doel is om hom ná die Paasfees voor die volk te laat verskyn en hom dan ter dood te veroordeel. Hy word uiters streng bewaak. Die nag voor die verhoor moet hy tussen twee soldate slaap, met kettings geboei en met wagte voor die deur van die gevangenis. Die gemeente verkeer in groot vrees.

Hulle bid ernstig tot God om Petrus te red. In die nag staan 'n engel voor Petrus wat hom gebied om op te staan, hom te omgord, sy skoene aan te trek, sy bokleed om te gooi en om hom te volg. Petrus doen dit asof hy besig is om te droom. Hulle stap verby die slapende wagte en deur die poort (die hek) wat vanself oopgaan. Nadat hulle een straat ver gestap het, en die engel hom verlaat het, kom Petrus tot homself. Hy besef dat die Here hom uit die gevangenis bevry het.

---

181 Luk. 8: 51 En toe Hy in die huis kom, het Hy niemand toegelaat om in te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes en die vader en die moeder van die meisie.

182 Mark. 3: 17 en verder Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, die broer van Jakobus - aan hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit is, seuns van die donder -

## **Petrus vlug**

Petrus gaan nou na die huis van Maria, die moeder van Johannes en Markus. Die dissipels is besig om te bid. Petrus klop aan die deur. 'n Diensmeisie met die naam van Rhode vra versigtig deur die luik wie die besoeker is. Petrus versoek haar dringend om die deur oop te maak. Sy herken sy stem en hardloop na binne om die blye nuus te vertel.

Eers sê hulle vir Rhode sy is van haar verstand af. Toe sy volhou sê sommige dat dit seker Petrus se engel moet wees. Petrus hou aan met klop. Toe hulle gaan oopmaak, sien hulle hom daar staan en almal is verbaas en baie bly om hom te sien. Petrus maak hulle stil. Toe vertel hy wat gebeur het. God het die gebede van die gemeente op 'n wonderbaarlike manier verhoor!

Maar Petrus kan nie langer daar bly nie. Sy vyande sal hom soek. In die stilte van die nag verlaat hy die stad om skuiling te gaan soek in Cesarea.

Toe dit dag word is daar onder die soldate by die gevangenis 'n hele opskudding oor Petrus. Hy is net weg. Niemand weet wat gebeur het nie. Herodes is woedend. Die wagte is beskuldig van nalatigheid en is tereggestel.

Na Herodes se dood keer Petrus terug na Jerusalem waar hy 'n leidende rol in die eerste kerkvergadering speel.

### **Aanbevole leesstukke:**

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 414 - 433 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 432 - 443 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 716 - 727 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 643 - 656 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Mattheus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 99 - 102 p.